



KAMMANUUS

Nommer 233

5 Mei 2008

TOULEIER

Hoe kan ons Kammalanders méér vir mekaar doen?



EK word vanoggend wakker met 'n nuwe vraag: Waarvoor Kan 'n mens Kammanuus nog gebruik? Humor, stamboomnavorsing en hulpnavrae is maar een van die baie dinge wat ons reeds doen. Kammaland het mos die potensiaal, of hoe?

Ons sit met 'n adreslys wat skrik vir niks. Duisende mense van Duskantland en Anderkantland. (Toemaar, moenie stres nie, ek bewaar dit steeds soos goud en jou privaatheid bly my prioriteit.)

Maar kom ons kyk tog of ons as kubergemeenskap nie meer vir mekaar kan doen nie. Ons het mense vanuit alle windrigtings. Mense van alle nerings, kennis en kontakte.

Ek gooi die eerste klip in die bos: Kom ons brei ons databasis se inligting uit. Ons voeg by die plek waar elke leser bly. Ook sommer wat elkeen doen. Uit my dae in die Tafelronde kan ek getuig dat mens baie meer daaruit kry as wat jy ooit insit. Ek en Kamermaatjie was bv. Engeland toe en het hoofsaaklik by ander Tafelaars oornag. So het hulle ons van een paartjie na 'n ander aangee. Dit het ons 'n fortuin aan verblyfkoste gespaar. Op ons beurt weer het ons dieselfde gedoen met Tafelaars vanaf Anderkantland.

Met Onsdorp sien ek dit so werk: Gert en Ans beplan om 'n week in Hermanus te gaan vakansie hou. Hulle kyk op ons ledelys en sien dat ene Barry daar afgetree het. In 'n e-pos aan my vra hulle om met Barry kontak te maak. Ek plaas hul versoek in die Kammanuus. Neef Barry besluit of hy wil help, en skryf direk aan hulle met voorstelle van 'n plek of twee voor waar hulle teen halfprys sal kan gaan bly.

Koos weer, bedryf 'n jagplaas en gee spesinjale afslag aan Onsdorpers om 'n biltonkie te kom jag. Piet-hulle wil gaan blomme kyk, en sien op ons lys daar bly 'n Kammalander op Springbok. Siedaar, 'n direkte kontak vir die beste tyd om te kom kyk. So kan ek aangaan.

ONTHOU, hierdie is maar net n eerste gedagte. Ek sal graag by julle wil hoor hoe ons dit gaan laat werk. Miskien 'n gereelde plekkie in die Kammanuus met 'n naam soos POSBOOM of DORSPLEIN of so iets. Ek sal dan almal wat die idee ondersteun, op 'n lys plaas wat jy as leser maklik op die webwerf kan gaan naslaan. (sonder hul epos adres natuurlik) Ons kan ook toegang beperk met 'n wagwoord.

Die lys kan afskop deur so iets te lyk:

Hennie Greeff	Geoloog	Sandton
Annabelle Greeff	Kamermaatjie	Sandton
Ernest Wienand	Veldwagter	Suikerbosrand
Wilna Tolken	Gastehuis best.	Richmond NK

Daar is baie maniere om hierdie kat te slag, maar kom ons stem. Stuur vir my 'n e-pos. Sit slegs die woord NEE in die onderwerplyn as jy nie van die idee hou nie, en JA indien jy dink dit kan werk. Dit sal rêrig baggat wees as jy sommer wil kom met nog voorstelle of selfs redes hoekom jy bv. dink dit gaan nie werk nie. Ex Unitate Vires!

Yuwie-werf se pryswenner

Hendrik Bezuidenhout het eerste op die Yuwie-werf vir Vanessa gaan opsoek. Nou ja Hendrik, al wat jou nou nog moet doen, om jou R100 geskenkbewys vir 'n boek of 'n ding vanaf Kalahari-dot-com, is om vir ons te skryf vanwaar jy is en wat julle daar doen. Ook sommer wat jy dink van die blogwerf Yuwie. Hier is die skakel weer vir die van julle wat nog wil gaan kyk waarom dit gaan: [KLIK HIER](#)

Hennie Greeff

Uitgewer van Kammanuus



ROELFIE SLAAT RAAK

▣ Robbeneiland, o Robbeneiland . . .

DIE wanbestuur van Robbeneiland het al tot grootkoppe van die ANC laat vuur spoeg en dreig om 'n klomp bestuurslede se bonusse in te trek "omdat ons julle nie in die pad kan steek nie."

Die museum het in een jaar R25 miljoen aan inkomste verloor omdat geld net "verdwyn" het en daar nie betyds beplan is vir nuwe veerbote nie.

Roelfie huil nou nie juis so hard saam dat 'n mens dit sal agterkom nie, want hoe minder mense die eiland besoek, hoe minder is daar wat na die toergidse se verdraaiings en anachronismes oor die geskiedenis hoef te luister.

Maar nou is 'n haasplaag besig om al die plantegroei op te vreet, met die gevolg dat die wild op die eiland begin uitvrek, en dis wanneer Roelfie ontsteld raak.

►As 'n mens sien hoe die nuwe bewind met hul eie erfenis omgaan, moet jy seker nie verbaas wees as 350 jaar se erfenis ook besig is om in sy maai te gaan nie.

▣ Die kerke het darem kerse . . .

OU Gabba Mampara, een van die grootkoppe van die nasionale propagandasender – ook bekend as die Es-Y-Bie-Sie – het verlede week gekraai dat die uitsaaier deur Topco Media beskryf is as "die mees gerespekteerde instelling buite die kerke."

Nou ja, dit sê nie veel van Duskantland se polisie, sy howe en die mense wat oor die Grondwet waak nie. Ook nie van die Mededingingskommissie en 'n paar ander instellings nie.

►Wat Roelfie betref, sal hy liever by die kerke hou as by die Es-Y-Bie-Sie. Die kerke het minstens 'n voorraad kerse.

▣ As ons nie so lui was nie . . .

UIT Engeland kom daar 'n mooi storie van wat 'n dorpie gedoen het om die stygende kospryse te beveg. 'n Stuk of 100 gesinne in Martin het 3 ha ongebruikte grond gehuur, en gebruik dit nou om hul eie produkte te verbou.

Almal help skoffel en natlei en oes, en hulle is so suksesvol dat hulle in een jaar R400 000 profyt gemaak het uit die surplus.

Kan dalk 'n goeie plan vir Duskantland wees, behalwe dat dit nie hier sal werk nie.

►Die helfte van ons is eenvoudig net te lui, en die res toi-toi liever vir landbougrond, wat dan plakkerskampe word waarheen kos aangery moet word.

▣ 'Rassis' nie 'n leuenaar nie

DIE gewolt rondom David Bullard se "rassistiese" rubriek wil maar net nie sy lê kry nie. Vir die oningelites: die *Sunday Times* het hom afgedank omdat hy 'n satire geskryf het oor waar Afrika sou wees sonder kolonialisme.

Wat interessant is, is dat 'n klomp mense hom 'n rassis genoem het, maar niemand het gesê hy is 'n leuenaar nie - en dis tog die kern van die saak!

►Duskantland het mos 'n plek geword waar dissipline, wilskrag en harde werk "rassisme" genoem word.

▣ Twee sent is twee sent

HOE betaal jy 'n skuld van twee sent? Jy betaal dit moeilik, maar as jy dit aan een van Duskantland se korrupte munisipaliteite skuld, dan betáál jy, kom wat wil.

Soos die vrou wat iets soos R232.06 geskuld en die tjek toe per abuis vir R232.04 uitgemaak het. Sy is gery vir daardie twee sent - tot by 'n dagvaarding.

Maar in Slaapstad sukkel hulle nou al 18 maande om 'n taxibaas wat R30 000 aan verkeersboetes skuld, te laat hoes. Die man ignoreer dit net, en as hulle hom soek, is die kêrel glo oorsee.

►Natuurlik nog nie gehoor van goed soos die intrek van 'n paspoort nie. Of miskien het hulle geweet dit sal nie werk nie. Hier sit immers al drie miljoen mense sónder paspoorte in die land . . .

Allegaartjie



Uit die dagboek van 'n BLONDINE

JANUARIE: My nuwe serp na die winkel teruggeneem omdat dit te styf pas.

FEBRUARIE: In die pad gesteeek by die apteek omdat ek nie die etikette kan druk nie. Halloooo! Die botteltjies pas nie in die tikmasjien nie!!! Dommies!!!

MAART: Was regtig opgewonde. Legkaart in ses maande voltooi - op die boks staan "2-4 jaar"!

APRIL: Krag gaan af en ek staan vier uur lank op die roltrap! Dit was nie my dag nie!

My vorige simpel kêrel hou aan om my op my selfoon te bel. Hoe weet hy altyd waar ek is?

MEI: Het probeer om Kool-Aid te maak. Verkeerde instruksies - die pakkie is te klein en 'n mens kan nie agt koppies water daarin gooi nie.

JUNIE: Probeer om te waterski. Kon nie 'n meer met 'n helling vind nie.

Ons het ook 'n nuwe saamryklub gestig omdat petrol nou so duur is. Dit werk goed, ons ontmoet mekaar agtuur op kantoor.

JULIE: Verloor die swemkompetisie in borsslag omdat die ander deelnemers verneuk het. Hulle het hul arms gebruik!

AUGUSTUS: Ek word in 'n reënstorm uit my kar gesluit omdat my sleutels weg is. Die kar is oorstroom, want ek het vergeet om sy opvoudak toe te maak.

SEPTEMBER: Ek het gelees een uit elke vier kinders is 'n Sjinees. So ek gaan eendag net drie kinders hê.

OKTOBER: Ek haat Smarties - dis so moeilik om hulle te skil!

Ek wou daai nuwe fliek gaan kyk, maar daar was te min mense. Die fliek is nie vir onder 16 nie en ons was net nege saam met die deurwag.

NOVEMBER: Kalkoen 4½ dae lank gebak. Instruksies sê een uur per pond, en ek weeg 108 pond!

DESEMBER: Ek kon nie 911 bel nie - duhhh - die foon het nie 'n "11"-knoppie nie!!!

Oor die HUWELIK

TE KOOP: Trourok, grootte 8. Een keer per ongeluk gedra.

⦿ Daar is twee keer wanneer 'n man nie 'n vrou verstaan nie: Voor sy troue, en ná sy troue.

⦿ Die man het sy priester gaan spreek omdat hy vermoed het sy vrou is besig om hom te vergiftig.

"Wag," sê die priester. "Miskien verbeel jy jou somer. Sê jou wat, laat ek met haar praat. Ek kom terug na jou toe."

'n Week later bel die priester die man.

"Ek het toe met jou vrou gepraat. En weet jy, ek het net een raad vir jou: Drink die gif."

⦿ Die man gaan sien 'n towenaar en vra hom of hy die vloek waarmee hy al 40 jaar saamleef, kan verwyder.

"Ja," sê die towenaar, "maar ek moet weet presies wat die woorde van die vloek was."

Sonder om te huiwer kom die antwoord: "Ek verklaar julle man en vrou."



Dié week se giggels



Nuwe rekord in die hoogspring

MEEL EN WATER

Hoe is dit dat jy gom kry as jy koekmeel en water meng?

En as jy eiers en suiker bygooi, kry jy koek? Wat het van die gom geword?

WIL JY REGTIG WEET?

Kom nou, jy weet baie goed wat van die gom geword het: dit sit aan jou stêre vas!

NIE SO MAKLIK

DIT reën al heeldag. Die man wat alleen in die kroeg sit en rook lyk nie lekker nie.

'n Ander ou kom ingestap, stap tot by hom en vra: "Nee man, hoekom lyk jy so miserabel? Hoekom gaan versuip jy nie jou sorge nie?"

"My liewe kêrel," antwoord hy terwyl hy sy soveelste sigaret aansteek, "dit sal sukkel. Sy is baie groter as ek."

NOG NIE GESIEN

TWEE meisies stry oor dieselfde jong man. "Wel," sê die eerste een, "ten minste trek hy soos 'n gentleman aan."

Die ander meisie trek haar skouers op. "Sal nie weet nie," sê sy. "Ek het hom nog nooit sien aantrek nie."

TE LAAT

"My ou pel," sê die dronkie in die kroeg vir sy maat. "Jy sal eers weet wat ware geluk is as jy die dag trou."

"Werklik?" sê sy maat. "Bedoel jy dit?" "O ja, dis 'n feit," bevestig die dronkie. "Maar teen die tyd dat jy getroud is, sal dit te laat wees om dit te waardeer."

RUGBYSTORIE

Die verslonste ou rugbyspeler sit met sy sewende bier in die kroeg.

Hy draai na die ou wat angs hom sit, en sê:

"Toe ek gespeel het, was ek so te sê alleenverantwoordelik dat die Maties die Tukkies drie jaar ná mekaar geklop het."

"Werklik?" sê sy metgesel beleefd. "En vir watter span het jy gespeel?"

SKOONHEID

Hulle sê skoonheid is net vel-diep. So? En wie gee altemit om hoe jou pankreas lyk?

SIPHO

Sipho antwoord die foon. Die stem aan die ander kant vra: "Waar is jou pa?"

Sipho: "Hy is hier weg met sy AK en ballaklawe. Hy het gaan geld trek."

ANDY CAPP deur Smythe





MENSE en hul dinge

□ 'n Wind op sy tyd is gesond

'N FRANSE dokter het die land se burgers aangeraai om vryelik uiting te gee aan winde laat en winde opbreek, omdat dit lei tot 'n afname in stres.

Poep is gesond, sê Frédéric Saldmann. Om ontslae te raak van die twee liter gas wat daaglik geproduseer word, is 'n "natuurlike proses" omdat die gas skadelik vir die ingewande kan wees. Dis ewe gesond om ná ete met oorgawe winde op te breek.

Om lug in die maag te hou, lei tot sooibrand, wat weer die risiko van kanker in die slukderm verhoog.

Hy sê ook dis gesonder om na sweet te ruik as om antiperspirante te gebruik. Die blokkeer van sweet verhinder die uitwerping van toksiene.

□ Vrou te lelik vir 'n ID

'N Vrou van 68 is gesê dat sy nie 'n ID kan kry nie omdat sy te lelik is om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees.

Clara Sibuyi van Acornhoek in Mpumalanga sukkel nou al tien jaar lank om 'n ID te kry en word gedwing om te bedel omdat sy nie haar pensioen sonder een mag ontvang nie. "Hulle sê ek lyk soos 'n vrou van Maputo, en dat ek te lelik is."

"Ek het nie meer geld om na die kantore van binnelandse sake te gaan nie. Ek wens die Here wil my wegneem, want die lewe is hard," het sy gesê.

'n Amptenaar van haar streek het haar nou na sy kantoor genooi om te probeer om die saak op te los.

□ Britte het al hoe minder maniere

Die Britse samelewing word al hoe ongeskikter, volgens 'n studie wat pas verskyn het. Spoeg en vloek is bo-aan die lys.

Byna 9 uit elke 10 mense wat ondervra is, sê Britte is ongeskikter as 'n dekade gelede, en hulle blameer die voorbeeld wat deur hoogsbetaalde sokkerspelers en glanspersoonlikhede gestel word vir die agteruitgang.

"Ons het opgehou om respek te hê vir die mense met gesag, deels omdat hulle dit nie verdien nie," het 'n kenner van etiket gesê.

Britte het hulself altyd as beter gemanierd gesien as buitelanders wanneer dit kom by dinge soos om ordelik tou te staan en jou sitplek op openbare vervoer af te staan aan swanger vroue en gestremdes. Die opkoms van die sokkerboewe wat oproer veroorsaak het hierdie beeld vernietig.

Meer as die helfte van die ondervraagdes dink swak maniere is die land se grootste probleem. Spoegery (27%) en vloekery (20%) is bo-aan die lys, gevolg deur mense wat by toue indruk, hard op selfone praat, nie "asseblief" en "dankie" sê nie en winde opbreek of winde laat.

STAMBOOM

Keown

des@rhettfin.co.uk

Stemmet

middelplaas@barvallei.co.za

Pelser

pelserchris@yahoo.com

Pa was H.T.Pelser, een suster en een broer.

Swanepoel

anne.marie@webmail.co.za

Vader was Casper Hendrik Swanepoel.

Falch

rina@compubyte.co.za

Falch is my getroude van maar my man wil graag meer uitvind omtrent sy van.



MAKERIEPAS!

Stories uit die weermag

Die storie van twee Frikke

Deur Kanonsersant Bt 67229385 HJ Greeff

ONDER ons klomp kanondonkies was daar twee Frikke. Die een was 'n drywer, 'n reus van 'n mens met sulke oogbanke wat soos afdakke voor sy kop uitgesteek het. Piesangs vir vingers.

Vir my eie veiligheid hoop ek maar Frik lees nooit hierdie stukkie nie. Frik was nie iemand met wie jy gesukkel het nie. As jy nou rêrig jou lewe wou waag, moes jy net vir Frik sulke groot oë maak en "boggom!" skree. Dan moes jy gat skoonmaak, want as hy jou sou vang . . .

Laat ek verduidelik hoekom nou juis hierdie woord vir Frik so kon ontstel.

Die ander Frik was ene "majoor Frik Van Deventer", of so het dit op sy naamplaat gestaan. Behalwe dat hy rang getrek het op Frik die Drywer, was hy ook baie gevaarliker.

Majoor Frik het volgens oorlewering 'n taamlike belangrike rol in die fliëk *Sands of the Kalahari* gespeel. Of was dit nou sy voorganger? Hoe dit ook al sy, ons het 'n gesonde respek vir hom gehad. Altyd 'n goeie afstand van hom gehou. Nooit so naby aan hom gekom dat hy jou kon gryp nie. Ons het egter baie gou agtergekom wat Majoor Frik se swak punt was: Lekkergoed. Vir lekkergoed sou hy bykans enigiets doen.

Hy sou byvoorbeeld vir 'n lekkertjie, net so daar waar hy in sy hok staan, 'n agteroor bollemakiesie slaan en weer op sy voete land. Of sal ek nou eerder sê pote? Sien, Majoor Frik Van Deventer was 'n manjifieke uitgegroeide mannetjiesbobbejaan!

Vanweë die vergelyking wat ons dan ook tussen Frik die mens en Frik die bobbejaan getrek het, was daar 'n hegte liefde-haat-verhouding tussen die twee. Om vir Frik die Bobbejaan te laat *summie* moes jy net jou vingers klap terwyl jy 'n sirkelbeweging met jou hand maak.

As jy hom baie erg die moer in wou hê, moes jy hom laat *summies* doen en dan nie vir hom sy beloning gee nie. Terwyl hy vir jou groot oë gemaak het soos wat ons altyd vir die ander Frik gemaak het, het jy geweet hy skryf jou op in sy boekie vir eendag as hy weer ontsnap.

Waar Frik Drywer egter 'n ware gemerkte man geword het, was die dag toe hy 'n papiersak met 'n dooie slang vir Majoor Frik in sy hok aangegee het.

Een ding wat elke kees op aarde gemeen het, is nuuskierigheid. So vroetel hy dan ook die papiersak oop en loer in. Val net daar om van skrik, skoon bewusteloos. So met die wakker word het hy al weer vergeet hoekom hy so geskrik het en kyk weer in die sak. Weer paas hy uit. Die sammajoor moes die hok ingaan en die papiersak gaan uithaal anders, sou majoor Frik sekerlik aan sy hart gesterf het.

'n Paar weke later skree iemand Frik het uit sy hok ontsnap. Ons almal kies windrigtings om net weg te kom. Glo my, 'n bobbejaan is erger as 'n olifant as dit kom by sy vyande onthou. Hy hardloop tussen 'n klomp ander kanonniers deur, reguit vir Frik Drywer.

Gelukkig was hy naby sy trok en het hy die deur net-net betyds toegeklap alvorens Frik hom kon beetkry. Sammajoor Schoonwinkel moes vir Majoor Frik daar kom vang. Daarna het tweebeen Frik maar altyd 'n wye draai om Majoor Frik se hok gemaak.

"Ek veronderstel," snou die knorrige ou sammajoor 'n manskap toe, "dat jy eendag nadat jy jou ontslag gekry het, net sal wag dat ek moet doodgaan sodat jy op my graf kan spoeg."

"Nee, sammajoor," sê die manskap, "as ek die weermag die dag groet, wil en nooit weer in 'n tou staan nie."

Ons vriende met vlerke

Deur Reinderd Visser



Waterhoender

Hoenders met 'n verskil

ONS ken almal tant Souf op die hoek se bantompies wat soms drie-uur in die oggend in haar agterjaart wakkerskrik en skril begin kraai. Dit is soort van werfhoenders daardie.

Vandag se geveueldes dra ook die naam hoender, maar hulle kraai nie. Trouens, ek sal verbaas wees as jy hulle iewers op 'n plaaswerf raakloop, want hulle is nie skrophoenders nie. Nee, vir hulle kry jy in en by 'n dam, of onder in die Grobbelaarsrivier hier op Oudtshoorn.

En omdat albei donker is, word hulle op 'n afstand maklik met mekaar verwar. Ek praat vandag oor die waterhoender (common moorhen) en die bleshoender (redknobbed coot).

Eersgenoemde ken jy darem aan sy pragtige rooi en geel snawel, die wit onder sy stert en heldergeel bene uit, terwyl die bleshoender die kenmerkende bles gesig met die twee rooi knoppies bo-op sy kop het. (Die rooi knoppies het iets met die broeiseisoen te doen, want dan is hulle groter).

Elke voël in die natuur het sy plek - sommige vreet vrugte en dra só sade weg wat op 'n ander plek ontkiem; ander bestuif blomme deur die nektar te drink, en dan is daar die jagters wat muisgetalle in bedwang probeer hou. Net so staan hierdie twee ook hul plek beskeie vol waar hulle hul tuiste in 'n dam of rivier gemaak het. Met hul gekrap en gewerskaf help hulle die natuur by die water in stand hou.

Die waterhoender het die grootste dieët van die twee. Waar die bleshoender meer op plante konsentreer (hy is byvoorbeeld baie lief vir hiasinte), is die waterhoender die een wat enigiets sal eet, plant of klein diertjie. 'n Egte omni-voor.

Beide sal land toe kom om kos te soek, maar verkies om in die water en tussen riete te wei. Die bleshoenders is die meer gewillige swemmers en jy sal hulle in groot groepe (tot duisend op plekke) op oop water kry.

Waterhoenders hou meer tussen die riete en kom ook nie in sulke groot getalle bymekaar nie. Van swem gepraat, beide se tone is vir swem aangepas. Hulle lyk nou wel nie soos 'n eend met gewebde pote nie, maar elke toon het tog sulke smal stukkie web om hulle te help swem. Waar bleshoenders maklik agter kos aan sal duik, bly waterhoenders bo. Hy sal hoogstens sy kop in die water steek. Hulle sal wel duik as hulle in gevaar is.

Waterhoenders is nie skaam voëls nie, maar as hulle senuweeagtig raak, word daardie stert kort-kort op en af geflikker en sal hulle vinnig padgee. Hulle bly ook gewoonlik vir lang tye op een plek, terwyl bleshoenders sommer maklik die pad sal vat as die kos skaars raak.

Hou hierdie twee gerus 'n bietjie dop wanneer jy weer by 'n plaasdam stilhou.

Onlangs was daar 'n vraag oor kwikkies wat saans in groot groepe bymekaar kom. Dit gebeur gewoonlik hier rondom wintertyd. Tydens die somer en broeityd word daar afgepaar en kry jy dit feitlik glad nie dat hulle in sulke groepe vergader nie.

FEITE OOR VOËLS

Die nuusagentskap Reuters - een van die wêreld se grootstes - het sy ontstaan deels aan duiwe te danke. In 1850 was dit vir Duitse bankiers noodsaaklik om die beurspryse uit Parys te kry, en daar was geen telegraafstelsel nie. 'n Jong Duise bankklerk, Paul Reuter, het begin om duiwe vir die doel te gebruik, en so het die nuusagentskap tot stand gekom.

Seevoëls drink net seewater, maar word nooit siek nie. Hulle het ontsoutingskliere in hul koppe wat die sout uit die water filter en deur hul neuse uitskei.



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

SKRYF AAN: pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp.

Briewe word onveranderd geplaas.

Whisky laat die oom Engels praat!

LIEB EN MIES LIEBENBERG, Sjina:

ONS het die hoekkas klaar afgeskuur en teruggesit in die woonstel. Frustrasie op frustrasie: ons kry nie olie om die hout te smeer nie en ons wil dit nie vernis nie. Ons sal dit nou los totdat ons in SA is en roulynolie gekoop het. Die Chinese weet net van om hout te verf met daai verskriklike rooi onderlaag of om dit te vernis.

Mies het iets mooi gesoek om op die hoekkas te sit en het verlede week in Wuxi 'n baie mooi glasvaas gekoop wat sy toe NIE op die kas gebruik het nie! Gister het ons bietjie gaan rondloop in nuwe straatjies waar ons nog nie was nie en toe sien sy 'n Chinese vaas wat sy toe dadelik koop. Dit staan tans op die kassie, maar volgens haar is dit nie wat sy wou gehad het nie. Miskien iets anders...

Ons sien of hoor niks van die boot met die wapens hier op die Chinese TV-stasie nie. Alles is net oor Tibet en die komende Olimpiese Spele en dan daai ewige blierrie vlam wat van stad tot stad geneem word. Maar dat hulle gereed is vir die Spele, is beslis waar.

Ons Koreaanse buurman, Mr Kim, se ouers en sy een oom het uit Korea kom kuier. Dit was hulle eerste besoek aan China. Vir twee aande moes ons met hulle kuier. Al wat ons kon doen, was om te glimlag – totdat ek vir hulle skoon "whisky on the rocks" aangebied het. Ek kon sweer die een oom het twee of drie woorde in Engels gesê! Die wonderkrag van whisky darem!

Die Pa het ook 'n dag of drie tevore verjaar en ons moes koek koop en 'n kers. Het tog te lekker vir hom gesing! (Niks wat so sooibrand gee soos koek en whisky nie).

Die tannie is amper blind en glimlag maar net in 'n algemene rigting en gee so af en toe 'n 'burp'. Aan etenstafel sit sy pens en pooitjies op haar stoel sodat haar knieë bokant die tafel uitsteek! Voorwaar ook snaakse mensies.

Dankies van Anderkantland

JOHAN NEL, Warschau:

Dankie vir kulturele stumilus! Tot hede het ek nog geeneen wat die snaakse taal (ons noem dit Afrikaans), uit die donker suidelike afrika, praat hier raakgehoop nie! Ek geniet die skrywes en voel die sonskyn en die ruik van grond en bos wanneer ek dit deurlees.

Doen so voort!

DASSIE, Kanada:

Hennie - jy doen 'n goeie ding met jou Kammanuus. Vanoggend was een van daardie koue Kanadese oggende waar alles verkeerd loop - tot ek Kammanuus ontvang het. Na 'n lekkerlees sessie voel ek weer pure mens. Dit is naby die einde van April - en is LENTE - en ek woon naby Vancouver, die best klimaat in Kanada, maar ek sluit 'n foto in wat gisteroggend geneem is en dan sal jy verstaan waarom ek Al Gore en enigeen wat die woorde "Global warming" gebruik sommer wil - wel, Zimbabwe toe stuur. Weereens dankie vir die lekker lees.

KAMMANUUS hoor graag van sy lesers - sommer net 'n kort briefie oor waar jy woon en wat jy doen, is meer as welkom.

AGTEROS

Herfs in Namibië

Deur ESTELLE DE BRUYN

DIE herfs het vanjaar saggies gekom. Ongemerkt het hy in die nanag deur die kamervenster gekruip en op my kussing kom sit.

Herfs in Namibië is 'n skaam seisoen. Anders as in Europa en Amerika, waar die herfs rondans in 'n veelkeurige gewaad van goud, oranje, geel, bruin en koper, is die plaaslike herfs maar inkennig. G'n niks opspraakwekkends of vertonerig nie. Sku en effe windverwaai is ons herfs.

Hier by ons verander die seisoene met 'n geleidelike, skalkse beweging wat jy skaars merkbaar uit die hoek van jou oog kan sien, al let jy noukeurig op en konsentreer jy so wat jy kan.

Aan die beweging van die blare en die ritseling tussen die takke van die frangipani in die vroeë oggendure, voel jy die herfs.

In die verlate voëlnessies sien jy hom.

In die smaak van heuning proe jy hom en in die geur van vars kruisement, marjolein en tiemie in die kruetuin ruik jy die herfs soos hy suutjies sy intrek in jou tuin neem.

En in die klank van 'n onverwagte reënruitjie op die sinkdak kort voor sonsonder hoor jy hom.

Sonder ophaal en trompetgeskalm het die somer plek gemaak vir die herfs.

Ek lees weer opnuut John Keats en sy ode aan die herfs. Dit is asembernemend mooi in 'n noordelike halfronde konteks, maar vreemd, oningelig en onvanpas vir ons suidelike Afrika herfs.

Ek sien 'n Engelse landelike herfs as ek Keats se woorde oor my tong laat spoel en ervaar nie die plotseling koel nasomer-briesie wat my onverwags op 'n Donderdagoggend verras as ek my voordeur in Windhoek oopmaak nie. Skielik besef jy, weet jy sonder wonder: die herfs is hier.

Het ek tog maar die woorde van 'n digter of 'n romanskrywer wat timmerend voor sy spreekwoordelike stuk marmar kon sit en die nuanses van die seisoen uit die klip terg!

Kon ek maar net die letters vind sodat ek die woorde kon bou om die varsheid in my gemoed met die koms van die herf vas te pen! As ek net die skanse, wat daaglikse harde, feitlike verslaggewing oor koue gebeure en politieke geradbraak in my skryfvingers ingebou het, soos onkruid uit my tuin kon pluk, sou die woorde dalk kom.

Maar hier sit ek, vasgenaël voor die klawerbord van my rekenaar met my vingers wat stram teen die sleutels beur in 'n magtelose poging om die ligte fladdering van die herfs in my hart op skrif te stel en met ander te deel.

Ek dans in die herfs, ná die versengende wit en blou somerdae bes gegee het en voor die winter jou kom toevou met sy dik jasse en versmoor met sy kunsmatige hitte.

Ek draai terek om die hoek van die seisoene en klik my skoene se hakke op die houtvloer sodat ek die klank van die herfs in my gebeendere kan ervaar. Ek gooi sommer vir niks my arms in die lug en snuif gulsig die smaak van die herfs in as ek douvoordag uitstap op my stoep.

Dit is goed dat jy weer gekom het, Herfs, net toe ek dink die somer gaan nooit einde kry nie en die hitte nooit wyk nie. Dit is lekker om jou hier te hê. Bly asseblief lank vanjaar. Die winter kan wag.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 19 MEI